

**Woensdag 23 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 11:17-34**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 11:33**

**Wag vir mekaar**

Wat ons as nagmaal ken, word in die Bybel “die maaltyd van die Here” genoem. Die Korintiërs was gewoon om saam met die maaltyd van die Here ’n gemeente-ete te hou. Baie gemeentes doen dit vandag ook nog. Dit is ’n mooi praktyk in die kerklike lewe. Die gemeente-ete is ’n liefdesmaaltyd (Hand. 2:42, 46). Jonk en oud, ryk en arm, geletterde en ongeletterde lidmate – almal eet saam. Daar word in liefde na mekaar uitgereik. In die kerk van die Here is daar geen onderskeid op grond van sosiale afkoms of vlak van intellek of finansiële vermoë nie.

In die gemeente van die Korintiërs het daar ongelukkig ’n hartseer situasie by die liefdesmaaltyd ontstaan. In plaas van een gemeenskaplike maaltyd waaraan almal deel het, is daar lidmate wat saamgroepeer. Rykes eenkant, armes anderkant. Die rykes eet oorvloedig van die kos wat hulle saamgebring het. Die armes bly honger. Daar is selfs lidmate wat dronk word. Dit is afskuwelik. Op papier is daar eenheid, maar in praktyk staan sake heeltewel anders.

Onder sulke omstandighede vier almal saam die maaltyd van die Here, die nagmaal. Die oorversadigde lidmaat gaan sit langs sy honger broeder en suster aan die tafel van die Here. Dit kan nie. ’n Mens durf nie saam met ’n medegelowige aan die nagmaalstafel te gaan sit as jy nie bereid is om ’n gemeente-ete met hom of haar te deel nie. Paulus vermaan die Korintiërs oor hierdie wantoestand en roep hulle tot bekering. Wag vir mekaar! Laat almal in geloof saam aan die liefdesmaaltyd van die gemeente deelhê, ryk sowel as arm, die eienaar saam met sy slaaf. Laat almal eet en drink en versadig word. Dan kan daar in eensgesindheid nagmaal gevier word.

Die teenoorgestelde is ook waar. Die gemeenskap van gelowiges wat saam nagmaal vier, moet ook in harmonie saam ’n gemeente-ete kan hou. Almal eet dieselfde, ongeag iemand se finansiële vermoë. Almal drink dieselfde. Almal sien om na mekaar se belang.

Wag vir mekaar. Moenie mekaar langs die pad verloor nie. Hou mekaar by Christus vas. Soek mekaar se belang en doen wat goed is vir jou naaste. Dit geld nie net vir ’n nagmaalete nie. Daaraan moet die hele lewe van ’n gelowige geken word. In nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself (Fil. 2:3). So vervul ons die wet van Christus (Gal. 6:2), in liefde.

*Sing: Psalm 133-1:1, 2*

*Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)*